Uit die voorsitter se stoel
From the chairman's desk

GROETE UIT 'N "KOUE" Onderberg. In die laaste weke het ons normale winterweer begin beleef met temperature wat so laag as 3 grade Celcius gedaal het. Dit is 'n baie welkome verandering van verlede jaar toe ons eers in Augustus koue begin kry het.

Op Kaalrug het Early Delight reeds in Mei begin blom stoot met sommige bome waarvan die blomme reeds oop is. Blomvorming begin ook op sommige van die ander variëteite verskyn en in hierdie stadium lyk die nuwe seisoen belowend.

Uit die Tzaneen-streek berig Don Westcott dat hulle goeie reën in Maart gekry het. Damvlakke het begin styg maar ongelukkig weer gedaal. In hierdie stadium is daar nog min tekens van blomverskyning, dalk as gevolg van min koue weer. Hulle is tans besig om te sorg dat pakhuise en plase gereed maak om aan al die regulasies vir uitvoer na die VSA te voldoen.

In KZN berig Ed Grantham dat daar 'n neiging is om lietsjies met makadamias te vervang. Hy is besig om kleinboere te vestig, maar die samewerking vanaf regerings-instansies is 'n langsame proses. Hulle is veral opgewonde oor die Dube handelshawe. Dit is by die King Shaka-lughawe geleë en gaan dit moontlik maak om vragte direk uit te vlieg. Hulle streek het in November en Desember hoë humiditeit en baie mis gehad, wat vrugte met baie goeie kwaliteit lewer.

Uit die Nelspruit-gebied laat weet Bobby Price dat blomme begin verskyn en dat dit belowend lyk, maar dat blomme nog nie oop is nie. Die koue weer wat kom kan sake aanhelp.

Gedurende Mei het Subtrop 'n transformasie-werksdag op Tzaneen aangebied. Dit is baie goed deur al die bedryfsrolspelers ondersteun, onder meer deur kommersiële en ontwikkelende boere, varsproduktemarkte, kommersiële banke, die Landbank, die IDC en Departement van Landelike Ontwikkeling.

Twee boere, Kosie Eloff en Jaco Fivaz, het hulle ervarings met mentorskap en die werksmag se deelname aan besigheid met ons gedeel. Vir my was die boodskap duidelik dat die koek eers groter gemaak moet word voordat dit gedeel kan word.

My indrukke was dat daar baie geesdriftige ontwikkelende boere is wat die bedryf wil betree. Befondsing is vanaf die owerhede beskikbaar maar die nodige kundigheid ontbreek soms oor hoe om die geleenthede te kan benut. Vir kommersiële boere is daar ook geleenthede om by transformasie betrokke te raak – dit is beslis die moeite werd om dit te oorweeg. As gevolg van die dag se sukses gaan 'n opvolgdag gehou word.

Vroeër vanjaar het Regina Cronje die Lietsjie Wêreldkongres in Indië bygewoon. Dit was baie interessant en sy het goeie kontakte gevind met veral die verteenwoordigers van Indië en Mauritius. Mauritius het 'n kultivar wat ongeveer vier weke vroeër as ons plaaslike Mauritius-kultivar oesgereed is. Hulle kan dit aan Suid-Afrikaanse boere beskikbaar stel. Regina het ook inligting verkry omtrent nuwe na-oesbehandeling en skil-kraak wat veral in die 2015-seisoen vir groot verliese by ons verantwoordelik was. Sy sal in die nabye toekoms inligting met fyner besonderhede gee.

Vanaf die LNR berig dr. Org van Rensburg dat daar baie aansoekers vir Sakkie Froneman se pos was. Hulle is met die siftingsproses besig en die kontrolering van die kandidate se kwalifikasies neem heelwat tyd in beslag. Hulle hoop egter om die pos eersdaags te vul.

In hierdie vroeë stadium dui alles op 'n goeie seisoen maar 'n tekort aan water en vroeë reën kan sake deurmekaar krap.

Frik Joubert